higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 4

(2020034)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 4 addenda.

480Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 Watter diens is die beste om fotolêers na iemand in ’n ander stad te stuur?

A Adobe InDesign
B DropBox
C Canva
D Photoshop

1.2 Watter tipe poort op jou skootrekenaar word benodig om ’n geheuestokkie te lees?

A HDMI
B USB
C LAN
D VGA

1.3 Watter van die volgende is nie ’n tipe rekenaarhardeskyf nie?

A SSD
B SATA
C RAM
D NVMe

1.4 Watter geheuetoestel is die beste vir gebruik in ’n selfoon?

A CD-ROM
B Harde skyf
C Mikroskyf
D MicroSD Geheuekaart

1.5 Watter kleurformaat is die beste wanneer ’n ontwerp vir ’n PowerPoint-aanbieding gemaak word?

A CMYK
B Pantone
C Lab
D RGB

1.6 Waarvoor staan die akroniem PDF?

A Portable Document Format
B Printable Document Format
C Printable Document Folder
D Portable Document Folder

1.7 Wat word die papiergrootte genoem wat presiese dubbel die grootte van ’n A4 is?

A A2
B A5
C A3
D DL

1.8 Watter van die volgende is nie ’n tipe rekenaarmonitor nie?

A LCD
B CRT
C LED
D LST

1.9 Wanneer ’n PDF voorberei word om te druk, verwys die volgende terme: bloei, beeldafsnyding en registrasiemerke na:

A Drukkersmerke
B Voorafstellings
C Metadata
D Al die bogenoemde

1.10 Watter van die volgende programme is geskik om brosjures te ontwerp?

A Adobe Illustrator
B Canva
C CorelDraw
D Al die bogenoemde

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK.

2.1 Adobe After Effects kombineer die beste van twee wêrelde, Adobe Photoshop en Adobe Premier.

2.2 In voorleggingsontwerp is tydgebaseerde epigrafie ’n tipe bewegende letter.

2.3 ’n Storiebord was ’n tipe ligkastafel wat animeerders gebruik het om animasiefilms te las.

2.4 Adobe Photoshop word hoofsaaklik gebruik om vektorgrafika te skep en redigeer.

2.5 ’n Infografiek is ’n visuele voorstelling van inligting of data, bv. as ’n grafiek of diagram.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Institusionele reklame	A	produk sal in ’n normale, alledaagse omgewing uitgebeeld word
3.2	Promosiereklame	B	advertensies beklemtoon die gemak van gebruik van produkte
3.3	Vergelykende reklame	C	om kenmerke met twee of meer ander produkte te vergelyk
3.4	Greep uit die lewe-styl	D	die proses van stappe doen om ’n webwerf of stuk inhoud hoër op Google geplaas te kry
3.5	Mededingende reklame	E	promoveer die maatskappy as geheel eerder as ’n individuele produk
3.6	Wetenskaplike styl	F	word geskep vir massamedia soos plakkate, interaktiewe media of radio
3.7	Geriefsaantrekkingskrag	G	word geskep vir minder gebruiklike mediums soos brosjures, pamflette en direkte pos
3.8	Soekenjin-optimisering	H	om die produk van ander produkte in die mark te onderskei deur hulle voordele te beklemtoon
3.9	E-posbemarking	I	inligting sal gebruik word om die indruk te gee dat die produk superieur is teenoor mededingers se produk
3.10	Mediareklame	J	om die kliënte op jou e-poslys bewus te maak van nuwe produkte, afslag en ander dienste

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK. Die letter wat in die sin gegee word, is ’n aanduiding van waarmee die woord begin.

4.1 L … beteken maklik om te lees.

4.2 L … is die aanpassing van spasiëring tussen letters in ’n woord.

4.3 Die v … punt is die punt waar dit lyk of parallelle lyne in die afstand ontmoet.

4.4 ’n Humoristiese oordrywing van spesifiek kenmerkende eienskappe word ’n k ... genoem.

4.5 N … ruimte is die ruimte rondom en tussen-in die voorwerp van ’n beeld.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Verborge ontwerpe in bekende logo’s.
Slim gebruik van ruimte, lyn, kleur ens. kan interessante logo-ontwerpe met ’n ekstra laag betekenis veroorsaak. Bestudeer die voorbeelde wat in 5.1–5.5 gegee word en verduidelik hoe ontwerpers dieper betekenis in elk van die ontwerpe kan byvoeg/versteek.

Skryf jou antwoorde langs die vraagnommer (5.1–5.5) in die ANTWOORDBOEK.

5.1



Die logo vir ontbinde Italiaanse toestelmaatskappy *Elettro Domestici* (*elektriese toestelle* in Italiaans), ontwerp deur Gianni Bortolotti. Daar is ten minste twee verborge betekenisse in hierdie logo – wat is dit?

5.2



Die logo vir *FedEx* – 'n koeriermaatskappy. Wat openbaar hierdie verborge elemente oor die maatskappy?

5.3



Die logo vir amazon.com moet aandui dat *Amazon* alles van A tot Z aanbied en dit lei tot gelukkig klante. Hoe word hierdie boodskap in die ontwerp gekommunikeer?

5.4



Wat kommunikeer die logo vir *Formula 1*-wedrenne deur sy gebruik van ruimte en lyn?

Kopiereg voorbehou

5.5



Die logo vir die *Tour de France*-fietswedren sluit 'n interessante en humoristiese ontwerp in – kan jy dit sien?

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 6

Omgewings- grafiese ontwerp

'Omgewings- grafiese ontwerp of EGD, is 'n multidissiplinêre ontwerpveld waarin die dissiplines van grafiese ontwerp, argitektuur, kuns, beligting, landskap en ander velde benut word as 'n manier om die gebruiker se ervaring te verbeter deur die visuele omskakeling van idees in die geboude omgewing.'

Bestudeer die volgende VYF voorbeelde van Omgewingsgrafika wat in vraag 6.1–6.5 aangetoon word.

Identifiseer die volgende in elk van die voorbeelde hier onder:

a) Die tipografiese styl(e) van die fonts wat gebruik is
b) Bespreek enige ongewone ontwerptegnieke/-middele wat gebruik is
c) Wat sê hierdie ontwerp oor die maatskappy?
d) Wat sê hierdie ontwerp oor die mense wat die ruimte besoek?

6.1


THINK
iT UP
YOU
GOT
THIS
be smart
be bold
begin!

6.2


DUNDEE
Welcome to the
DUNDEE
DISTRICT
Enjoy your stay
DUNDEE
DELL
EST

6.3





6.4







Kopiereg voorbehou

6.5



(5 × 4) **[20]**

VRAAG 7

Sosiale-media-ontwerp

Ontleed elk van die VYF voorbeelde van die volgende sosiale-mediagrafika. Eenheid, verskeidenheid, balans, rigtingskragte, kontras, herhaling en ritme, skaal en verhouding is die hoofbeginsels van ontwerp. Bespreek hoe enige DRIE van hierdie ontwerpbeginsels gebruik is om 'n samehangende grafiese voorkoms in hierdie sosiale-media-voorstellings te skep.

7.1



7.2


essencialsvisual
Seguir
09 publicações
1.000 seguidores
30 seguindo
Essencial | Sinalização Visual
Empresa especializada em sinalização e comunicação visual há 18 anos em Luziânia GO.
Entre em contato conosco
biolinky.co/essencialsvisual
Perguntas
Produtos
Horário
09 Posts
1K Followers
30 Following
Essencial | Sinalização Visual
Empresa especializada em sinalização e comunicação visual há 18 anos em Luziânia GO.
Entre em contato conosco
biolinky.co/essencialsvisual
Follow
Message
Email
Clientes
Perguntas
Produtos
Horário
Vantagens dos totens
Totem personalizado para o seu negócio.
não é encontrado
05 erros de sinalização interna que devem ser evitados.
Padronize sua frota
adesivos para o seu carro
Tenha sua fachada personalizada.
Painéis para o seu negócio.
Horário de funcionamento
de segunda a sexta
Cavaletes para o seu negócio.

7.3


ASHION
fashion Sale
11:11 AM
100%
Instagram
ranjands
ashion
500 likes
Branding social media posts design by ranjands
ashion
fashion Sale
Social media design

7.4


CAN WITHSTAND
SUMMER
FRESH
AND DELICIOUS
YOUR
FIRST CHOICE
BOHEMIAN
LIFE AND DRINK
BELIEVE IN
GOOD MOOD
ENJOY
IN EVERY SIP

7.5


OFF
INSTA
BOSS
BEST
SUMMERDEAL
DISCOUNT

(5 × 3) **[15]**

VRAAG 8

Produkfotografie

Die volgende foto's, getoon in 8.1–8.5, is voorbeelde van moderne produkfotografie. Identifiseer enige TWEE fotografiese tegnieke wat in elk van die volgende voorbeelde gebruik is en bespreek hoe elke tegniek die foto verbeter.

8.1



8.2



8.3



8.4



8.5



(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 70

AFDELING C

VRAAG 9

9.1 Illustrasie

Jy word gevra om kaarte vir algemene Afrikaanse gesegdes te illustreer/ontwerp. Die spel is gemik op kinders met die doel om hulle te help om hulle Afrikaans taal- en kommunikasievaardighede te verbeter. Hulle sal ’n kaart met ’n illustrasie trek en dan moet hulle raai wat die gesegde is.

Vir inspirasie, bestudeer die voorbeeld hier onder wat ’n normale pak kaarte is wat spesiaal vir kinders herontwerp is:





Gebruik ADDENDUM A (aangeheg) om die taak uit te voer. Kies enige VYF van die volgende gesegdes en illustreer dit in jou eie styl:

- ’n Appel ’n dag laat die dokter wag.
- Voorsorg is beter as nasorg.
- Dade tel meer as woorde.
- Jy vang meer vlieë met heuning as met asyn.
- Moenie die uiterlike oordeel nie.
- Skoonheid is die tweede goddelikheid.
- Die môrestond het goud in die mond.
- Waar daar ’n wil is, is daar ’n weg.
- Moenie peuter aan iets wat werk nie. (25)

9.2 Letterwerk

Demonstreer jou letterwerkvaardigheid om ’n woord in ’n driedimensionele skrifstyl wat soos ’n plat lint lyk, te ontwerp. Gebruik die volgende voorbeelde hier onder as verwysing. Toon die skaduwees en kante van die letters.



Gebruik ADDENDUM B (aangeheg) om die taak uit te voer. Kies EEN van die volgende woorde om in ’n plat lint styl te illustreer:

- Ontsnap
- Vakansie
- Kunstig
- Vryheid
- Kreatief

(25)
[50]

VRAAG 10

Dit is in die mode vir maatskappye wat drankies produseer om hulle produkte met handgeïllustreerde ontwerpe te onderskei. Die voorbeelde hier onder illustreer twee tipes boetiekbier.





Ontwerp ’n etiket vir ’n boetiekbier

Gebruik ADDENDUM C1 en C2 (aangeheg) om ’n etiket te ontwerp vir ’n boetiekbier *'African Sunset'* geproduseer deur Jeffreys Bay Micro Brewery wat Brewhaha genoem word.



10.1 Gebruik ADDENDUM C1 (aangeheg) om die etiket vir ’n boetiekbier '*African Sunset*' te ontwerp wat deur Jeffreys Bay Micro Brewery gemaak word wat Brewhaha genoem word.

Sluit die volgende op die etiketontwerp in:

- Die bier se naam: '*African Sunset*'
- ’n Kreatiewe en kunstige ontwerp wat die hele ruimte vul wat verskaf word.
- Die brouery se logo – Brewhaha (kan op die agterkant op die inligtingspaneel wees).
- Etiketinligting:
  - ''n Medium bier met karamel- en toffienote, en die pragtige hopsreuk van Suid-Afrikaanse hops.'
  - 'JBay se plaaslike bekroonde Boetiekbier, gebrou in ’n 500-liter Duits-ontwerpte Speidel Braumeister, in Jeffreysbaai.'
  - www.brewhaha.co.za
- ALK 4,9% – IBU 27
- 440 mℓ
- Staafkode (30)

10.2 Gebruik ADDENDUM C2 (aangeheg). Teken die etiket wat jy in 10.1 ontwerp het oor. Jou illustrasie moet die ontwerp van al VIER kante op die skoon wit blikkies toon. (20)

50

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A **EKSAMENNOMMER:**

SENTRUMNOMMER:

VRAAG 9

9.1 Gebruik ADDENDUM A om enige VYF van die gesegdes te illustreer. Illustreer ’n samehangende voorkoms.

4

1

5

2

Which saying did you choose for each card?

1.
2.
3.
4.
5.

3

(5 × 5) (25)

ADDENDUM B **EKSAMENNOMMER:**

SENTRUMNOMMER:

9.2 Kies EEN van hierdie woorde om ’n woord in ’n driedimensionele skrifstyl wat soos ’n plat lint lyk, te illustreer:

- Ontsnap
- Vakansie
- Kunstig
- Vryheid
- Kreatief

(5 × 5) (25)
[50]

ADDENDUM C1 **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |

VRAAG 10

10.1 Illustreer die bier-/koeldrankblikkie hier onder: Kant 1, Kant 2, Kant 3 met die blok vir die logo Kant 4.



(30)

ADDENDUM C2 **EKSAMENNOMMER:**

SENTRUMNOMMER:

10.2 Illustreer die bier-/koeldrankblikkie hier onder: Kant 1, Kant 2, Kant 3 met die blok vir die logo Kant 4.



(20)

Kopiereg voorbehou